# Eiendom en Sosiale Heropbou—
# 'n Christelike Siening.

Die begrippe **eiendom** en **eiendomsbesit** staan vandag in ons twintigste-eeuse industrieel ontwikkelde gemeenskap ongetwyfeld in die brandpunt van belangstelling. Aan die een kant het ons die opvatting van die **kollektiviste**, wat openlik verkondig dat die eiendom uit die hande van die individu geneem moet word en dat dit moet oorgaan in die hande van die staat. Aan die ander kant kry ons weer die opvatting van die **individualiste**, wat die mening toegedaan is dat die eiendom aan die individu behoort waarmee hy geheel en al na eie goeddunke kan handel. Die vraag is nou: watter houding moet ons as **Christene** inneem teenoor die eiendom waaroor ons as gemeenskap beskik?

Die opvattinge oor die eiendom sal vir ons doel sover terug nagegaan word as die Agrariese tydperk van die Ou Testament. In hul poging om 'n sosiaal-ekonomiese orde daar te stel wat God welbehaaglik sou wees, het die Israeliete twee belangrike beginsels neergelê wat dwarsdeur die eeue nog aanvaar word as die juiste Christelike siening oor die eiendom. In die **eerste** plek is die beginsel aanvaar dat God die **eienaar** en die mens slegs die **rentmeester** van die aardse goedere (eiendom) is. In die **tweede** plek is die beginsel aanvaar dat eiendom sowel 'n **private** as 'n **openbare** karakter dra. In ander woorde gestel, die Hebreeuse beginsels t.a.v. die eiendom het op die volgende neergekom: Die mens mog wel as **individu** oor eiendom beskikkingsreg uit-

oefen, maar die besitsreg dra die karakter van **'n trust,** wat beteken dat die private eiendomsbesitter moreel verplig is om die eiendom op so 'n wyse aan te wend dat dit tot voordeel van die **gemeenskap as geheel** sal wees.

Christus se leringe aangaande die eiendom was minder direk as die van die wet en profete van die Ou Testament. In en op sigself geneem was die eiendom vir Christus iets van minder belang, alhoewel Hy geensins onverskillig gestaan het teenoor die uitwerking van die eiendomsbesit en die beheeruitoefening oor die eiendomsbesittinge, op die **geestelike** lewe van die mens nie. Indien die eiendomsbesit daartoe sou lei dat die naasteliefde (broederskap) die Vaderskap van God en die vervulling van die menslike bestemming, gesien in die lig van die Godgegewe wette, verydel word, is die private eiendomsbesit veroordeel. Waar die eiendomsbesit egter sou kon dien as middel om naasteliefde en liefde tot God te bevorder is dit aangemoedig en as 'n seën beskou. Alhoewel eiendomsbesit dus nooit as doel op sigself gesien mag word nie, sal private eiendomsbesit, indien dit slegs as **materiële middel** gebruik word om 'n **sedelike doel** te dien, die funksie waarvoor God dit aan die mens toevertrou het, vervul wees.

Na die hemelvaart van Christus vind ons dat, in die Primitiewe Kerk te Jerusalem, daar 'n vorm van **Christelike kommunisme** tot stand gekom het omdat die mening posgevat het dat so 'n stelsel van gemeenskaplike eiendomsbesit op grond van die Christelike bevel van die beoefening van die naasteliefde, noodsaaklik geword het. Om misverstand uit die weg te ruim moet ons egter daarop wys dat die stelsel 'n algehele vrywillige stelsel was—geen dwang van enige aard is uitgeoefen die kerkvaders was die mening toegedaan dat in die Skeppingsorde die die Christelik-kommunistiese eksperiment gekom nie. Hulle was m.i. met reg die mening toegedaan dat private eiendomsbesit 'n noodsaaklike gevolg was. Die reg op besittings is verder ook nie gesien as 'n absolute natuurreg nie maar wel as 'n **relatiewe** reg wat steeds en te alle tye aan bande gelê word deur die gemeenskapsbelange. Anders gestel, die kerkvaders wat die mening toegedaan dat in die Skeppingsorde die rykdomme van die aarde aan die mens as gemeenskapseiendom gegee is, maar a.g.v. die Sondeval het die private eiendomsbesit die instrument geword waardeur in die behoeftes van alle mense, en nie slegs van die sterkes nie, voorsien moes word. St. Thomas Apuinas het later 'n ander mening oor die saak verkonding. Hy sien die idee van privaatbesit eer-

der as 'n aanvulling van die natuurwet wat deur die menslike rede geskep is tot voordeel van die mens. Hy sien die private besit dus as beide **natuurwetlike** en as **noodsaaklike**, alhoewel dit nog nie beteken dat dit 'n **absolute** reg moes wees nie. Hy hou ook vol dat eiendom beide 'n **private** en 'n **openbare** karakter moet bly behou. Die individu besit wel die reg om „te verwerf en uit te meet" maar hierdie reg word beperk deur die regverdige aanspraak daarop van die gemeenskap.

Hierdie teorie aangaande die eiendomsbesit is algemeen aanvaar in die tyd van St. Thomas. Die samelewing is beskou as 'n organiese gemeenskap wat gevoed is deur die geloof in Christus en deurdrenk was met die Christelike etiek en aangesien die ekonomiese aktiwiteite geen uitsondering in die geheel van totale aktiwiteite gevorm het nie, het die individu hom ook in sy eiendomsverhoudinge laat lei deur dieselfde hoëre en ewige waardes wat hy as Christen aanvaar het.

Luther en Calvyn se opvattinge oor die eiendomsbesit kom tot 'n groot mate ooreen met die van St. Thomas, maar veral die opvattinge van Luther. Luther en Calvyn aanvaar ook die beginsel van die reg op private eiendomsbesit, maar hulle beklemtoon veral die noodsaaklikheid daarvan dat die eiendomsreg 'n belangrike sosiale **verantwoordelikheid** met sig meebring. Albei het geglo dat private besitsreg nie 'n eksklusiewe besitsreg mag wees nie, aangesien dit altyd beperk word deur die reg op gebruik. Getrou aan die Middeleeuse tradisie het beide Luther en Calvyn daarop gewys dat **alle eiendom tot die eer van God aangewend moet word.** Rykdom en die verwerwing van rykdom het op sigself geen probleem geskep nie.

Tydens die Reformasie is die Middeleeuse Christelike geloof en etiek tot 'n groot mate vervang deur 'n nuwe materialistiese gees, met die gevolg dat die sintese, die eenheid, tussen die ekonomiese en die geestelike moes plek maak vir 'n nuwe **individualisme.** As gevolg van die nuwe gees van die individualisme is die invloedsfeer van die Christelike geloof aansienlik ingeperk. Die **ekonomiese** aktiwiteite is nou losgemaak van die jurisdiksie van die **kerk**—die kerk se jurisdiksie is beperk tot geestelike aangeleenthede. Eiendom word nou gesien as 'n doel op sigself en die najaging en verwerwing van rykdom word aangeprys en geregverdig op grond van die ekonomiese prinsipe. By die einde van die 18de eeu het die nuwe gees wat **hierdie verandering in** siening meegebring het—die bekende kapitalistiese gees—die allesoorheersende mag in die Westerse wêreld geword.

Alhoewel ons nie mag beweer dat die Christelike Kerk die nuwe gees en ontwikkeling goedgepraat het nie, het die besware van hierdie instansie maar baie halfhartig en met tye geheel en al onhoorbaar geword. Teen die middel van die 19de eeu het die misbruike van individualisties georiënteerde industrialisme so opvallend, onderdrukkend en mensminagtend geword, dat verdere swye onmoontlik geag is. Van verskillende kante het daar 'n geroep om reaksie en terugkeer hoorbaar geword. In dieselfde jaar as die verskyning van die **Kommunistiese Manifes** het daar in Engeland ook 'n reaksie gekom van die kant van die Christen-sosialiste, o.a. van Ludlow, Maurice en Kingsley. 'n Matige program van aksie is aanbeveel, bestaande uit (i) die herlewing van die gedagte van rentmeesterskap, (ii) die bevordering van die koöperatiewe gedagte en (iii) sosiale wetgewing. Alhoewel die konkrete resultate op die voorgestelde program van aksie maar gering was, was hierdie kritiek op die industriële stelsel en die gees van materialisme wat daarmee gepaard gegaan het, tog die begin van 'n beweging wat bestem was om snel dwarsdeur die Christenwêreld te versprei en hopelik uiteindelik sal kulmineer in 'n magtige beweging wat bekend kan staan as 'n „Sosiale Christendom".

Kort na die ontstaan van die Engelse Christen-Sosialisme het die Katolieke Sosialisme sy verskyning op die Kontinent van Europa gemaak. Dit was ook 'n reaksie op die materialisme en die industrialisme, maar dit het nie die oplossings wat die rewolusionêre sosialiste aanbeveel het, aanvaar nie. Die leiers van hierdie Katolieke beweging was voorstanders van: privaat besit, die uitlewing van die beginsel van broederskap, sosiale wetgewing en ten slotte is 'n geleidelike verandering van die organisasie van funksionele verenigings aanbeveel. Die program van aksie het later ook die offisiële Pouslike sanksie geniet, en dit vorm tot vandag toe nog die basiese sosiale program van aksie van die Katolieke Kerk.

Teen die einde van die laaste kwart van die 19de eeu het daar 'n sterk christelike reaksie teen die bestaande industriële orde in Amerika ontstaan. Daar is te velde getrek teen die misbruike van rykdom en die euwels van armoede, terwyl daar sterk aangedring is op die toepassing van die Christelike beginsels op die ekonomiese lewe en aangeleenthede. Die programb van aksie het in die begin nie veel meer ingehou as 'n verkondiging van die beginsel van rentmeesterskap nie. Tog was die optrede van die Christene nie sonder waarde en invloed nie. Uit die

beweging het dan ook die gedagte van 'n „Sosiale Evangelie" en die offisiële program van aksie van die Amerikaanse Protestantisme ontstaan.

Teen die einde van die 19de eeu het die verskillende bewegings so ver gevorder dat hulle nie meer slegs die mondstuk van 'n klein en andersdenkende minderheidsgroep gevorm het nie. Hulle het nou reeds die speerpunt begin vorm van 'n sosiaal-bewuste kerklike aanval op daardie waardeoordele en leefwyse wat in stryd met die Christelike leefwyse en waardeoordele was. Alhoewel dit reeds aan die laat kant was, het die Kerk nou tot die ontdekking gekom dat hy nie vrede kon maak met 'n sosiaal-ekonomiese orde wat meer waarde aan die materiële as die geestelike heg en die eiendom bo die ewige lewe verkies nie.

Die „Sosiale Christendom" was sedert die ontstaan daarvan iets meer as slegs 'n protesbeweging. Dit is probeer om in die lig van die hedendaagse omstandighede die basis vir 'n Christelik geordende gemeenskap te vind en om die ewige beginsels van die Christendom op 'n sodanige wyse te interpreteer dat dit ook van toepassing gemaak kon word op ons moderne ekonomiese lewe. Met ander woorde, **daar is 'n poging aangewend om te verklaar hoedat 'n moderne industriële gemeenskap ook 'n Christelike gemeenskap kan en moet wees.** Uit die aard van die gestelde taak het die vraagstuk van die eiendomsreg natuurlik 'n sentrale plek ingeneem. Uitgaande van die tradisionele geloof in die skeppende mag van God is daar ook deur die moderne Christendom vasgehou aan die gedagte dat God die besitter van alle wêreldsgoedere (eiendom) is, en dat die mens nooit meer kan wees as slegs 'n voog of rentmeester nie. Ongelukkig het hierdie eeue-oue gedagte van rentmeesterskap sonder meer, baie min lig gewerp op die toepassing daarvan in die moderne samelewing. Daar word maar min lig gewerp op die probleme van bv. **hoe** die mens rentmeester word en ook word die **regte** en **pligte** wat met die rentmeesterskap gepaard gaan nie duidelik genoeg omskryf nie. Anders gestel, in soverre dit die aanvaarding van die **beginsel** van rentmeesterskap betref, heers daar ten volle eenstemmigheid; by die **toepassing** van die beginsel is daar egter uiteenlopende standpunte.

Uit die Protestantse oogpunt gesien is daar nie slegs een algemeen aanvaarde standpunt oor die aard en doelstelling van die eiendom en wie dit moet besit nie. Die mees algemeen aanvaarbare standpunt kan egter as gevolg saamgevat word: Die eiendom word beskou as die mate-

riële basis vir die hoëre ontwikkeling van die menslike lewe, en tot die mate waarin dit die menslike lewe kan dien, is dit ook goed. Die besit van eiendom is ook 'n natuurlike reg waarop elke individu kan aanspraak maak, maar hierdie reg word **beperk** deur die eise van die openbare belang. Die Protestantisme beklemtoon egter nie die onskendbare karakter van die private besitsreg tot so 'n mate as wat die Katolieke dit doen nie. Die klem val by die Protestantisme eerder op die **sosiale verantwoordelikheid** wat met die eiendomsbesit gepaard gaan as op die onskendbare reg op die besit van eiendom. Anders gestel, waar die Katolieke die klem laat val het op die reg van die **individu,** laat die Protestante die klem val op die reg van die **gemeenskap.** Op grond van hierdie verskil is die Protestante ook meer daartoe geneig om aan te dring op Staatsinmenging en sosiale kontrole. Die Protestant is gewilliger om eksperimente te maak met verskillende vorme van eiendomsbesit, bv. 'n meer gelyke verdeling daarvan, en in daardie gevalle waar openbare eiendomsbesit in belang van die **algemene** welvaart wenslik geag word, sal die Protestant nie aarsel om so 'n stap aan te beveel nie. Daar word van die standpunt uitgegaan dat die private besitsreg 'n algemeenaanvaarbare reg is, maar dat hierdie reg verander of opgehef mag word ten einde in diens van die gemeenskapsbelange te staan. Die essensiële uitgangspunt van beide die Katolieke en Protestante bly egter dat eiendom 'n **private** sowel as 'n **openbare** karakter dra; albei die denkrigtings is ook daarvan bewus dat 'n oordrewe beklemtoning van die één aspek ten koste van die ander, jammerlike gevolge sal meebring. Dit is dan ook om dié rede dat beide die Protestante en die Katolieke die middeweg tussen **individualisme** aan die een en **kollektivisme** aan die ander kant—'n weg wat lê tussen die teenoorgestelde euwels van **anarchie** en **tirannie**—aanbeveel. As beskermer van die algemene belang van die gemeenskap dra die Staat die verantwoordelikheid om 'n gelyker verdeling van besittinge te bewerkstellig. Daar moet egter altyd gewaak word dat van hierdie mag nie misbruik gemaak word nie—nóg die adel van die individu nóg die private eiendom mag verdwyn.

Ten slotte wil ons graag daarop wys dat hoe fundamenteel die probleem van die eiendomsbesit en die gelyker verdeling van die eiendombesit ook al mag wees, dit alles maar 'n deel uitmaak van ons totale probleem en dat die taak van die Christen baie meer inhou as slegs om 'n gelyker verdeling van eiendomsbesit te bewerkstellig. Die Kerk en **die Christen moet dink in terme van 'n sosiale rekonstruksie** wat be-

vorderlik is vir die totstandkoming van 'n Christelike gemeenskap, en dit beteken natuurlik ook weer 'n wysiging van die sosiale organisasie en struktuur van die samelewing.

Vir die Katoelieke is die oplossing van die vraagstuk betreklik eenvoudig. Aangesien hulle die meeste van die hedendaagse euwels toeskryf aan die ontbinding van die Middeleeuse funksioneel georganiseerde samelewingsverbande en die opkoms van die individualisme, hou hulle vol dat die herstel van die koöperatiewe sosiale struktuur, die beloweendste optrede moet wees . Sodra die gemeenskap weer op 'n funksionele basis georganiseer is sal die eenheidsband, wat aan die begin van die moderne tyd verlore gegaan het, weer in ere herstel word. Die onderlinge persoonlike afhanklikheidsverhoudinge wat inherent aan die Middeleeuse organisasiestelsel was, sal die disintegrerende neigings wat so eie aan die huidige individualistiese orde is, teenwerk. Ook sal dit die materialisties-motiverende magte vervang met 'n gees van broederskap en samewerking wat so noodsaaklik is vir die bevordering van 'n Christelike leefwyse. Alhoewel die Protestante nog nie so 'n uitgesproke plan vir 'n sosiale heropbouing het nie, word daar baie oor die probleem gedink en ook geskryf. Daar is vandag 'n geleidelik toenemende bewuswording van die sosiale dimensie—die sogenaamde normatiewe siening van die ekonomiese lewe—te bespeur. Dit lei tot 'n mensbeskouing wat 'n waardenorm bied vir die verklaring en begryp van die ekonomiese lewe. Die normatiewe metode probeer om dieper in te gaan op die sin van die ekonomiese gebeure, aangesien ook die doeleindes van die intermenslike verhouding in verband met die ekonomiese problematiek betrek word. In wese is die menslike handeling—sowel van die enkeling as van die groep—die antwoord op die normatiewe riglyne wat die sin van die menslike lewe bepaal.

Wat die sosiale, ekonomiese en politieke probleme van die hede betref, kan die Christelike siening as volg saamgevat word:

(i) Die Christendom aanvaar en verdedig die instelling van private besit met sodanige voorbehoud as wat die sosiale welvaart van die gemeenskap mag bepaal;

(ii) die sosiaal-ekonomiese program van aksie beoog om aan die een kant die euwels van die individualisme te oorkom terwyl aan die ander kant alle pogings aangewend moet word om die gevare van die kollektivisme aan die kaak te stel.

Met hierdie siening op sake kan ons tot die hoopvolle slotsom kom dat die Christendom aan die Westerse wêreld 'n program van optrede kan aanbeveel wat sal verseker dat daardie ewige waardes wat so hoog geag word deur die Christen, behoue sal kan bly, nieteenstaande die al groter wordende aanslae van 'n materialistiese totalitarisme. Die program van aksie [1]) moet altyd strewe na die behouding van die **maksimum van individuele vryheid,** maar omdat ons ook weet dat die mens altyd geneig is tot die kwade, sal die vryheid 'n „**vryheid binne perke**" moet wees en deur die Christelike geloof en etiek bepaal sal moet word. Die Christendom plaas aldus twee magtige werktuie in die hande van die sondige mens waarmee gebou kan word aan die sosiale heropbou van ons kapitalistiese samelewing, t.w. 'n Christelike benadering en insig in die menslike natuur en Christelike morele tradisie.

B. VAN DEVENTER.

P.U. vir C.H.O.

---